

ELMARI RAUTENBACH MENSE

Errol Arendz wat agter 'n afskorting moes klas loop, Shaleen Surtie-Richards wat nooit kon ballet neem nie, Achmat Dangor wat hom teen wil en dank by Unisa moes inskryf... elke nie-witte in Suid-Afrika het 'n hartverskeurende apartheidstorie om te vertel. ELMARI RAUTENBACH het 'n paar bekendes uitgevra oor hul Ou-Suid-Afrika-ervarings.

Stories van Ou Suid-Afrika

Die bekende Kaapse mode-ontwerper Errol Arendz beskryf die belaglikheid van "klein (of kleinlike) apartheid" as "outrageous". Maar oor 'n sigaret — "om beter te kan konsentreer" — erken hy dit het 'n lewenshouding geword om die seer weg te lag. "En vergeet? Nie gou nie."

"Ek het sowat twintig jaar gelede saam met 'n Duitse vriend 'n woonstel in Clifton gekoop," vertel Errol. "Omdat dit vir my onwettig sou wees om daar te bly, is my helfte op my vriend se naam oorgedra. Ná nege jaar het daar wrywing gekom. Netso was ek my woonstel kwyt en al my geld omdat die Duitser, wat nie eens Suid-Afrikaanse burgerskap wou hê nie, al die reg aan sy kant gehad het..."

Dié ervaring het dit 'n obsessie gemaak om eendag weer in Clifton te woon. Nie lank daarna nie het Errol sy kans gesien: 'n droom-woonstel wat hy wou huur.

"Drie dae voordat ek moes teken, kom die eiendomsagent na my toe en sê daar's 'n klein probleempie. Maar al wat ek moet doen, is om 'n vorm by die burgemeester te gaan teken vir toestemming om in die gebied te mag woon.

"Die burgemeester sê egter sy hande is afgekap. En nie een van die ministers of administrateurs wat ek en my suster Gloria daardie middag bel, kon help nie.

"Ek was op die punt om op te gee toe ek skielik daaraan dink: as 'n wit boemelaar in een van daardie jare wat ek in Clifton was in my tuin geslaap en daarna vir die Polisie gaan sê het daar woon 'n Kleurling in daardie buurt, sou hulle my kon weggevat het.

"En dis net daar dat ek die Minister van Inligting se kantoor bel en sê as ek nie daardie woonstel teen drie-uur Maandagmiddag het nie, dan belê ek 'n internasionale perskonferensie, ek vertel die storie aan die hele wêreld, én gaan land uit — vir goed."

(Die skinderstorie is dat die Minister se vrou die oproep ontvang en gesê het oor haar dooie liggaam...)

"Twee-uur daardie Maandagmiddag toe kom sien die Minister my persoonlik van Johannesburg af. Drie-uur het ek geteken."

Wat hy die langste sal onthou van dié ervaring, sê Errol, is nie die persoonlike triomf nie, maar hoe maklik die wit agent gereken het dit sal wees om die ou "probleempie" van die Groepsgebiedewet te omseil...

Ander ervarings was minder snaaks.

"Die ontwerpskool in Pretoria waar ek aansoek gedoen het vir opleiding, wou my aanvanklik nie inneem nie. Eers toe my ouers 'n tjek gegee het met die volledige betaling vir my studies is ek toegelaat. Later het ons uitgevind ek het 40 persent meer betaal as my klasmaats.

"In die klas is vir my 'n afskorting gebou. Ek kon die lektor en die veertig ander studente sien, maar hulle kon my nie sien nie. Die lektor het ook in die eerste paar weke wat ek daar was 'n 'steekproef' gedoen en briewe aan 'n paar van my medestudente se ouers geskryf om te vra of hulle 'omgee' dat daar 'n Kleurling in die klas is... "

Sulke behandeling maak 'n mens bitter, sê hy. Maar dit maak jou ook hard. In sy geval het hy ambisieus geword — vasberade om hier naam te maak. Daarom het dit nooit eens by hom opgekom om buiteland toe te verhuis nie.

Errol se eerste persoonlike kennismaking met apartheid was toe hy sewe was en sy sussie drie. "Ons het op 'n mallemeule gery. Gloria was baie lig van vel — so lig dat sy gereeld gevra is om van die Kleurlingbusse af te klim, en dan het ons nie geweet hoe kom ons by die huis nie, want ek kon nie op die wit busse ry nie...

"Die mallemeule is sonder waarskuwing gestop en die operateur het my van die perdjie afgehaal. Gloria, wat te klein was om te verstaan en ook nie afgehaal is nie, het aanhou huil dat ek moes terugklim. Al wat ek vir haar kon sê, was: 'Ek het hoofpyn'."